

Woensdag 30 November

Skrifgedeelte: 2 Samuel 16:1-4; 19:24-30 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: 2 Samuel 16:4

Vals hoop is 'n selfsugtige wens

In die volksmond is hoop meestal eintlik niks anders as selfsugtige wense nie. Selfs in droogtetye, byvoorbeeld, as boere bid dat dit gou sal reën, “hoop” vakansiegangers dat dit nie sal reën nie sodat hulle die sonskyn kan geniet!

So “hoop” Siba, die dienskneg van Saul se kleinseun, Mefiboset, ook ewe skynvroom dat hy altyd koning Dawid tevrede sal stel en die koning se guns sal geniet. Hy kom na die vluggende koning Dawid toe met allerhande lekkernye, en met die storie dat Mefiboset nie gekom het om die koning te ondersteun nie; dat Mefiboset gedink het hy sal self as koning van Israel aangewys word.

Met die geskenke en die storie hoop Siba om koning Dawid se guns te wen. Uit hoofstuk 19 weet ons egter dis nie waar nie! Hy het in werklikheid die gebrekklike Mefiboset doelbewus in die steek gelaat sodat hy nie na Dawid toe kon kom nie, want hy het geweet dit sal vir die koning 'n groot teleurstelling wees. Ten spyte van Saul se haat teen hom, het Dawid mos sy vriend Jonatan se seun, Mefiboset, in sy eie huis soos een van sy gesin versorg, en nou moet hy hierdie nuus hoor!

Wat in Siba se hart leef, het niks te doen met hoop nie, maar is net bedrog en selfsug.

Christus, ons Verlosser, is ons enigste hoop. Daarom moet ons onself afvra of ons hoop vir onself en ons kinders en ons land ware hoop is wat aan God vashou, wat Hom in Jesus aan ons bekendgemaak het. Ook ons hoop vir die toekoms van sy kerk? Is dit werklik Christelike hoop of maar net selfsug?

Ware hoop is op God se beloftes gebou en op sy eer gerig!

Sing: Psalm 130:4 (1936)

Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)